

Kaptein Bennie Griessel hoor die dringende voeteval en die noodkreet; sy Valke-kollega Vusi Ndabeni roep hulle moet kom, hulle moet kom, daar's 'n transitorooftog, nóú.

Dinsdagoggend in Julie, middel van die winter.

Hy los die dossier voor hom op die lessenaar net so, hy gryp die Z88 uit sy laai en hy hardloop. Vusi is klein van gestalte, die stil een, altyd kalm. Maar nie nou nie, daar is 'n intensiteit in sy stem, dis daarom dat Griessel nie huiwer nie.

In die gang gordel hy die pistoolsak so in die draf om sy heupe vas. Hy sien Vaughn Cupido aankom, lang jas wat agter hom wapper, sy "Batsuit", sy winteruitrusting.

"Praise the Lord," roep Cupido. Bennie weet dis omdat sy kollega nie hou van die dralende speuradministrasie nie. Dis waarmee hulle besig was. Hierdie is 'n uitkoms.

Frankie Fillander en Mooiwilliem Liebenberg verskyn uit hul gedeelde kantoor. Die gedreun van sole op die kaal teëlvloer van die DPMO – die Direktooraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke – in Bellville, 'n kapteinstrop wat storm na die wapenstoor op die eerste verdieping.

Ndabeni is al daarbinne; hy gee R5-aanvalsgewere en ekstra magasynne aan terwyl adjudant-offisier Bossie Bossert haastig aantekeninge in sy inventaris maak.

"I want a Stompie," sê Cupido.

Vusi gee vir hom die RS200-haelgeweer met die pistoolgreep aan, en 'n patroonband.

"Jy's altyd 'n annerster gatta, jy," sê Fillander. "Dis 'n cash-in-transit, nie 'n bankroof nie."

"Method in my madness, uncle," sê Cupido. "Just wait and see."

"Bring hulle terug!" skree Bossert agterna.

* * *

Die laaste vyf maande al het hulle soggens met oggendparade kennis geneem van Vusi se ondersoek: Hy werk aan die vlaag transitoroof-togte in die Wes-Kaap. Dieselfde bende, dieselfde modus operandi; tien mans in vier gesteelde motors wat 'n vrag voorlê. Een voertuig, altyd oud en swaar, wat doelbewus in die sekuriteitswa vasjaag en dit tot stilstand dwing. Die ander wat die wa omsingel en, volgens ballistiese toetse ná die aksie, losbrand met AK47's en 'n eksotiese versameling handwapens. Tot die wagte oorgee. Of, as hulle weier, springstof by die agterdeure. 'n Geraamde veertienmiljoen rand al gesteel.

Die rowers is skimme, hulle laat geen goeie forensiese bewyse agter nie. Ndabeni is raadop, en onder baie hoë druk van hulle almal se direkte bevelvoerder, kolonel Mbali Kaleni.

Daarom dat die vyf speurders nou jaag, teen honderd-en-vyftig kilometer per uur, met die twee ongemerkte motors, die BMW X3 voor en die Ford Everest agterna. Eers N1 toe, dan oos.

Griessel se foon lui. Dit is Vusi, vanuit die BMW wat Fillander bestuur.

“Vusi?”

Ndabeni moet baie hard praat bo die geloei van die sirenes: “I believe the robbers have a police radio, so we'll restrict comms to the phone. It's a very hot tip from my new piemp, very credible. They're going to hit a Pride Security van on the R45, between Malmesbury and Paarl.”

Griessel herhaal al die inligting vir Cupido, agter die stuurwiel, en Liebenberg.

“I've notified Paarl, they're sending the task force,” sê Ndabeni.

Die Paarl huisves die hoofkwartier van die SAPD se Boland-klos en dié streek se taktiese taakmag, wat in die volksmond as S.W.A.T bekendstaan.

Griessel deel die nuus met sy kollegas.

“O wee,” sê Cupido, wat nie baie respek vir die landelike polisie-kantore se vermoëns het nie.

“I’ve called Pride Security. They’ll reroute the van,” sê Vusi. “So we’re hoping to get the gang as they’re waiting.”

“Do we know where they’ll be?” vra Griessel.

“At the junction of the R45 and the Agter-Paarl Road,” sê Vusi. En ten slotte: “The chopper is coming too.”

Hulle ry. Die blou berge is majestueus daar voor, die Boland mooi en helder op dié koue dag.

* * *

Dit is, soos Cupido dit later sal beskryf, ’n “clusterfuck of majestic proportions”. Van die begin af.

Want die rowers het ’n radio wat ingestel is op die frekwensie van Pride Security. Hulle hoor van die nuwe roete wat die wa gaan volg.

Want Vusi kies die R44 omdat hy tereg redeneer dit sal veel stadiger wees om deur die Paarl te ry, sirenes ofte nie.

Want mevrou Barbara van Aswegen, boervrou in die opstal net sestig meter weg van die rooftoneel, sal die slae en skote hoor en dadelik die Paarl se SAPD bel, wat op hul beurt die taakmag laat weet waar die aksie is. En dan sal sy haar man se .308 Winchester-jaggeweer uit die kluis gaan haal.

Maar eers haal die rowers die wa in. Hulle slaan toe net anderkant die Windmeul-wynkelder, waar die dubbelpad soos twee rivierstrome saamvloei in ’n enkele ryvlak. Dit is ’n swaar ou 1995-model Mercedes S500 wat met ’n dowwe slag teen die gepantserde sekuriteitsvoertuig se regter-sykant vasjaag. Die Pride-bestuurder, vol adrenalien en vrees en vasberadenheid, ry te vinnig. En hy oorkompenseer met sy teenreaksie. Hy ruk die stuurwiel na regs, maar die Mercedes maak in dié oomblik nie kontak nie en die wa swaai te skerp. Dit rol, twee, drie,

vier keer, en skuif dan oor die teer, vonke wat spat, metaal wat skuur, ’n hoë, temende geluid. Dan kom dit op sy linkersy tot stilstand, in die middel van die teerpad.

Die vier roofkarre trek laer om die wa – die Mercedes voor om die moontlike aankomende verkeer weg te hou, een weerskant en een agter. Die rowers spring uit en begin op die sekuriteitsvoertuig skiet. Hul gebruiklike strategie. Hulle weet die wa se vensters en panele is koeëlvas, maar die gordynvuur van klappende lood is gewoonlik só vreesaanjaend dat die wagte oorgee. Daarom dat hulle hul magasyn leegskiet en tydens die herlaaislag die Pride-manne kans gee om met hul hande in die lug uit te klim. Sodat die stertkant se deure sonder verdere slag of stoot oopgesluit kan word.

Nie dié keer nie. Die wagte bly hang in hul veiligheidsgordels, be-seer, geskok en beangs.

Die rowers wend hulle tot Plan B. Twee spring uit die agterste motor en hardloop met die springstof na die wa. Hulle druk dit behendig teen die naat van die deure vas, hardloop terug om agter die voertuig skuiling te soek, en laat dit ontplof. Die slag dawer oor die kaal winterwingerde, só luid dat die skoolkinders van die Laerskool Slot van die Paarl daar naby grootoog na die juffrou kyk.

’n Bollende wolk van vlamme en swart rook styg op. Die rowers se ore tuit van die knal, sodat hulle nie die sirenes van die aankomende Valke dadelik hoor nie.

* * *

Vusi Ndabeni sien die rook van die ontploffing eerste. Hy skree “Ndiyoyika!” en beduie met sy vinger vir Fillander.

“Swerkater,” sê Frankie, die ou veteraan. Hy kyk na die agterste sitplek waar sy geweer lê.

Hul hartklop versnel. Fillander trap instinktief rem.

Vusi bel vir Griessel. “Do you see the smoke?”

“Yes,” sê Bennie en wys dit vir die ander twee in die Everest uit.

“Fokkit,” sê Cupido. “Party time.”

Griessel voel meteens ’n intense behoefte na die kalmerende kragte van ’n Jack Daniel’s. Hy is ’n rehabiliterende alkoholis, al meer as tweehonderd dae lank sonder drank.

Hy en Liebenberg klap die voubare kolwe van hul R5’s terug, en haal oor. Duime op die groot veiligheidsmeganismes. Cupido rem om sy afstand van die BMW te behou.

* * *

Die twee rowers wat voor by die Mercedes wagstaan vir aankomende verkeer, sien en hoor die Valke gelyk. Hulle skree op die ander agt, wat besig is om die geldkiste agter uit die Pride-wa te haal, maar dit is te laat. Wanneer hulle die eerste skote op die SAPD-karre begin afvuur, het die BMW en Everest reeds met skreeuende bande stilgehou – dwars in die pad. Die speurders het uitgepeul aan die veilige kante van die motors. Hulle skuil agter die voertuie en beantwoord nou die vuur. Cupido, wie se “Stompie” nie vir dié afstand gebou is nie, het sy Glock 17 in al twee hande.

Vuurwapens knetter, lood klap teen al drie die voertuie en die padoppervlak, koeëls wap-wap verby, sommige baie naby, die chemiese reuk van dryfladings dik.

Vir die agt geldkisdraers is daar ’n oomblik van wik en weeg: Help hulle terugskiet, of kry hulle die buit so spoedig moontlik in hul wegkomvoertuie? Want die pad Paarl toe is nog oop agter hulle. Die leier met die oranje mus op, seningrig en slim en vreesloos, het ervaring van vele rooftogte. Hy het nie veel respek vir die polisie se vaardighede nie en glo sy makkers sal hulle lank genoeg besig kan hou. Hy skree op die ander om die kiste in die motors te kry.

Hy weet nie van Frankie Fillander se talente nie.

Fillander is een van die drie topskuts in die Kaap se DPMO – beter

bekend as die Valke. En sy destydse ervaring by die SAPD-stasie in Mitchells Plain het hom geleer om kalm te bly as daar op jou losgebrand word. Daarom dat sy R5 op enkelskote ingestel is en dat hy agter die gatkant van die BMW op sy maag lê. Sy kollegas bied dekingsvuur. Hy wag sy kans af, lê deur die groot voorste ringvisier van die geweer aan op die eerste man by die Mercedes. Fillander tref hom hoog in die regterskouer. Die man ruk en laat sy AK val.

Fillander swaai die loop na links. Hy kan net die een arm van die ander rower by die Mercedes sien waar dit geknak is om die AK vas te hou. Hy mik, probeer die beweging van die ledemaat in ag neem, en skiet. Die 5.56×45-rondte verbrysel die elmboog, die man roep sy pyn en skok uit.

Geen rower skiet nou terug nie.

Dit is die oomblik dat Bennie Griessel dink hulle het dié ding onder beheer, vandag wen die goeie ouens.

Dan daag die kavallerie op.